education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

| Vraag 1 | Vraag 2 | Vraag 3 | Vraag 4 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Leesbegrip | Visuele teks | Opsomming | Taalstruktuur en - konvensies | /50 |
| /20 | /10 | /5 | /15 | |

# GRAAD 6

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# KONTROLETOETS

# NOVEMBER 2025

## TYD: 1 UUR 30 MINUTE

## PUNTE: 50

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

| | |
|---|---|
| **Naam en Van:** | |
| **Graad 6:** | |

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

- VRAAG 1: Leesbegrip (20 punte)
- VRAAG 2: Visuele teks (10 punte)
- VRAAG 3: Opsomming (5 punte)
- VRAAG 4: Taalstrukture en -konvensies in konteks (15 punte)

2. Lees al die instruksies deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.


4. Gee veral aandag aan jou spelling en sinskonstruksie.

5. Skryf netjies en leesbaar.


Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1: LEESBEGRIP (20 PUNTE)**

Lees die instruksieteks aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.



# Pannekoekdag Resep



## Bestanddele
**(maak sowat 10 pannekoeke)**

- 240gr (430ml) koekmeel
- 10ml bakpoeier
- 2ml sout
- 2 eiers
- 250ml melk
- 250ml water
- 12,5ml suurlemoensap
- 25ml sonneblomolie

## Benodigdhede

- **Mengbak**
- **Klitser of vurk**
- **Groot lepel / opskeplepel**
- **Kleefvrye pan**
- **Stoof**
- **Bord (om die pannekoeke op te sit)**

## Metode

1. Sif die droë bestanddele saam in 'n mengbak.
2. Klits die eiers en voeg die melk, water, suurlemoensap en olie by.
3. Meng deeglik.
4. Maak 'n holte in die middel van die droë bestanddele en voeg die vloeistof by.
5. Meng en klits goed tot daar geen klonte is nie.
6. Laat die mengsel vir 30 min staan.
7. Verhit 'n kleefvrye pan.
8. Skep met 'n groot lepel van die mengsel in die pan in, wikkel die pan rond sodat die mengsel die pan se bodem bedek.
9. Sodra borreltjies bo-op die pannekoek vorm, kan jy die pannekoek **omdraai.**
10. Plaas die gebraaide pannekoek op die bord en besprinkel met kaneelsuiker.
11. Rol die pannekoek op en geniet die smaaklike happie.

Twinkl: 2025

**Vrae**

1.1 Omkring die korrekte antwoord in die volgende vrae. (1)

1.1.1 Hoeveel pannekoeke kan met die resep gemaak word?

A 12 pannekoeke

B 10 pannekoeke

C 8 pannekoeke

D 4 pannekoeke

1.1.2 Watter tipe meel moet gebruik word? (1)

A amandelmeel

B mieliemeel

C koekmeel

D bruismeel

1.1.3 Hoeveel eiers word benodig? (1)

A 8 eiers

B 6 eiers

C 4 eiers

D 2 eiers

1.1.4 Hoe lank moet die mengsel staan voordat dit gebruik kan word? (1)

A 60 minute

B 45 minute

C 35 minute

D 30 minute

1.1.5 Watter soort pan moet gebruik word om die pannekoek te bak? (1)

A Geen pan moet gebruik word nie

B ‘n Diepbodempan

C n Kleefvrye pan

D ‘n Groen pan

1.1.6 Hoeveel sonneblomolie word benodig? (1)

A 250 ml

B 125 ml

C 60 ml

D 25 ml

1.2 Sê of die volgende instruksies korrek is deur **waar of vals** te merk. Maak 'n (✓) in die korrekte blokkie en gee 'n rede vir jou antwoord. Haal 'n sin uit die teks aan (*quote*) om jou antwoord te staaf.

1.2.1 Klits die eiers en voeg die melk, water, suurlemoensap en stroop by. (2)

| Waar | | Vals | |
|---|---|---|---|

_____

_____

1.2.2 Maak 'n holte in die middel van die droë bestanddele en voeg die kaneelsuiker by. (2)

| Waar | | Vals | |
|---|---|---|---|

_____

_____


1.3 **Stem jy saam** met die onderstaande stelling? Maak 'n (✓) in die korrekte blokkie en gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

Die resep is maklik en eenvoudig om te volg.

| Ja | | Nee | |
|---|---|---|---|

_____

_____



1.4 **Pas** kolom B by kolom A en skryf die **korrekte letter** in kolom C. (3)

| Kolom A | Kolom B | Kolom C |
|---|---|---|
| 1.4.1. Mengbak | A. Om die gaar pannekoeke op te sit. | 1.4.1 _____ |
| 1.4.2. Stoof | B. Om die mengsel in te meng. | 1.4.2 _____ |
| 1.4.3. Bord | C. Om die pannekoek met hitte te bak. | 1.4.3 _____ |

1.5 Hoekom het jy 'n klitser of 'n vurk nodig om die mengsel te meng? (1)

_____

1.6 Waarvan word kaneelsuiker gemaak? (2)

_____ en _____

1.7 Hou jy van pannekoek? Maak 'n (✓) in die korrekte blokkie en gee 'n rede vir jou antwoord.

| Ja | | Nee | |
|---|---|---|---|

(2)

_____


_____

**[20]**



**VRAAG 2: VISUELE TEKS (10 PUNTE)**

Kyk na die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




**Vrae**

Beantwoord die onderstaande vrae is volsinne.

2.1 Watter sjokolade hou die meeste Suid-Afrikaners van? (1)

_____

2.2 Wie is die vervaardiger van die Kinder Bueno sjokolade? (1)

_____

2.3 Hoeveel deelnemers het aan die opname deelgeneem? (1)

A 1 862

B 1 222

C 1 010

D 980

2.4 Watter persentasie (%) Suid-Afrikaners se gunsteling sjokolade is ‘n Twix? (1)

_____

2.5 Watter twee sjokoladestafies word deur Nestlé vervaardig? (2)

_____

_____

2.6 Is die volgende stelling waar of vals? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

*Hierdie grafiek gaan oor gunsteling sjokoladestafies in Amerika.*

| Waar | | Vals | |
|---|---|---|---|

_____

_____

2.7 Wat is jou gunsteling sjokolade? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

_____

_____


**[10]**



**VRAAG 3: OPSOMMING (5 PUNTE)**

Skryf ‘n opsomming van 60 tot 70 woorde oor die voedingstowwe, wat in die vyf hoof-voedselgroepe, gevind word.

- Skryf slegs **een hoofgedagte** van **elke paragraaf** neer.
- Jou opsomming moet **5 hoofgedagtes** bevat wat **puntgewys** geskryf moet word.
- Onthou, dit moet al die **belangrikste feite** opsom.
- Skryf so ver as moontlik in jou eie woorde.




**Die vyf hoof-voedselgroepe.**

**Vrugte** is 'n uitstekende bron van vitamiene, minerale en vesel. Kinders moet minstens 1.5 tot 2 koppies vrugte per dag eet. Voorbeelde van vrugte sluit appels, piesangs, bessies, druiwe, lemoene en spanspekke in.

**Groente** is propvol voedingstowwe, insluitend vitamiene, minerale en vesel. Kinders moet minstens 2.5 tot 3 koppies groente per dag eet. Voorbeelde van groente sluit blaargroente, broccoli, wortels, ertjies en soetrissies in.

**Graankosse** is 'n uitstekende energiebron en voorsien belangrike voedingstowwe soos vesel, B-vitamiene en minerale. Kinders moet poog om minstens 140g-150g graankosse daagliks te eet, waarvan minstens die helfte volgraan moet wees. Voorbeelde van graankosse sluit brood, graankos, pasta, rys en hawermout in.

**Proteïene** is belangrik vir groei en ontwikkeling en vir die bou en herstel van weefsels. Kinders moet probeer om minstens 140g-150g proteïen per dag te eet. Voorbeelde van proteïenbronne sluit vleis, hoender, vis, bone, neute en eiers in.

**Suiwelprodukte** is 'n uitstekende bron van kalsium, wat belangrik is vir beengesondheid. Kinders moet poog om minstens 3 koppies suiwelprodukte per dag te eet. Voorbeelde van suiwelprodukte sluit melk, jogurt en kaas in.

Twinkl: 2025

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

**Aantal woorde: _____**

| **Rubriek vir die nasien van 'n opsomming.** | | | |
|---|---|---|---|
| Kriteria | 3 punte | 2 punte | 1 punt |
| Inligting | Belangrike inligting is ingesluit. (4 of 5 hoofpunte) | Sommige inligting ontbreek. (3 of 2 hoofpunte) | Slegs 1 hoofpunt. |
| Bewoording, spelling, taalstruktuur en -konvensie | 2 punte | 1 punte | 0 punte |
| | Gebruik eie woorde om opsomming te skryf. 1 – 3 spel-, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor. | Gebruik soms direkte aanhalings in opsomming. 4 – 5 spel-, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor. | Skryf sinne net so uit die teks neer. 6 of meer spel-, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor. |
| | | | **[5]** |

## VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES (15 PUNTE)

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

### PANNEKOEK BAK

Wanner ek en ouma pannekoek bak,
tel sy my altyd op die rak.
Ek breek die eiers en klits,
**dan steel ek 'n bietjie suiker soos blits!**
Sy meng die meel, melk, olie en 'n bietjie sout -
Ouma doen dit sonder enige fout.

Nou is dit tyd vir bak
en ek sit steeds op die rak.
Ouma gooi die pannekoek in die lug,
maar kla deesdae van haar rug.
My beurt om die gooi.
1,2,3 ek mik so **mooi.**

**Oeps, dis op die grond!**
Buksie druk dit gou in sy mond!
Stoute brak!
O gats, die volgende een is teen die dak!
Nou is dit suiker en kaneel,
ek kan nie wag dat dit my keel kan streel!

*Twinkl: 2025*

4.1 Gee 'n **sinoniem** en **antoniem** vir die woord **mooi** in reël 12.

4.1.1 Sinoniem: _____ (1)

4.1.2 Antoniem: _____ (1)

4.2 Identifiseer die die **bywoord** in reël 7 en sê ook **watter bywoord** dit is.

4.2.1 Bywoord:_____ (1)

4.2.2 Bywoord van: _____ (1)

4.3 Benoem die **sinsoort** van die volgende sin. (1)

"Oeps, dis op die grond!" (reël 13)

_____

4.4 Skryf die **onderwerp**, **gesegde** en **voorwerp** van die volgende sin neer.

Buksie eet die pannekoek.

4.4.1 Onderwerp: _____ (1)

4.4.2 Gesegde: _____ (1)

4.4.3 Voorwerp: _____ (1)

4.5 **Omkring** die regte antwoord. "Dan steel ek 'n bietjie suiker soos blits." (reël 4) is 'n voorbeeld van: (1)

A personifikasie

B onomatopee

C vergelyking

D metafoor

4.6 Skryf die volgende sin in die **direkte rede.**

Ouma sê dat haar rug pyn.

_____ (1)

_____

4.7 **Skryf** die **trappe van vergelyking** van die woord gou. (reël 14) (2)

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| gou | 4.7.1 _____ | 4.7.2 _____ |

4.8 **Verbind** die volgende sin deur die **voegwoord** in hakies te gebruik. (1)

Ek hou van pannekoek. Dit is lekker soet. (want)

_____

4.9 Noem die **byvoeglike naamwoord** in strofe 3. (1)

_____

4.10 Watter **simbool** sal jy gebruik om vloeistowwe te meet? (1)

A cm

B kg

C ml

D g

**[15]**

**TOTAAL: [50]**